

HIGHVELD SYNDICATION NO. 15 BEPERK, Registrasienommer : 2003/031064/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 16 BEPERK, Registrasienommer : 2003/031129/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 17 BEPERK, Registrasienommer : 2003/025913/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 18 BEPERK, Registrasienommer : 2003/030778/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 19 BEPERK, Registrasienommer : 2003/031129/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 20 BEPERK, Registrasienommer : 2003/029425/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 21 BEPERK, Registrasienommer : 2003/027601/06

HIGHVELD SYNDICATION NO. 22 BEPERK, Registrasienommer : 2003/027390/06

(“DIE MAATSKAPPYE”)

Hierdie dokument bevat ‘n opsomming van die omsendskrywe aan beleggers met betrekking tot ‘n ondernemingsreddingsplan (“die Plan”) ingevolge Artikel 150 van die Maatskappye Wet 71 van 2008. (“die Wet”)

Dit is belangrik vir beleggers om kennis te neem dat vergadering ingevolge Artikel 151 en 152 van die Wet, die plan oorweeg sal word by ‘n vergadering van beleggers by Full Gospel Church Kampeergronde, 3C 8 Jan Smutslaan, Irene, Centurion op Woensdag, 14 Desember 2011 om 11h00vm

'n Skuldeiser/belegger 'n gevolmagtigde aanstel om by die krediteurevergadering te stem as gevolmagtigde.

Elke belegger kry ‘n individuele volmag wat sy/haar besonderhede bevat. Sodanige volmagte kan van PICKVEST VERKRY WORD.

Volmagvorm moet ingedien word by PICKVEST Investments (Edms) Bpk, 875 Schoeman Straat, Arcadia of per fax aan 086 225 4011 of 012 342 2522, of e-pos aan proxies@pickvest.co.za om nie later nie as op 12h00 op 12 Desember 2011 ontvang te word nie

OPSOMMING VAN DIE PLAN

1. Hierdie dokument moet nie beskou word as ‘n amptelike weergawe van die kennisgewing wat aan skuldeisers/beleggers gestuur is nie. Dit dien slegs as ‘n opsomming daarvan en ‘n poging om beleggers by te staan ten einde ‘n Afrikaanse weergawe van die belangrikste bepalings van die Plan aan beleggers te verskaf.
2. Paragraaf 1 op bladsye 6 - 9 van die plan bevat die definisies van die terme waarna in die Plan na verwys word.
3. In paragraaf 2 van die Plan word die agtergrond en die geskiedenis van die maatskappye uiteengesit op bladsye 10 – 13.

4. Paragraaf 3 van die Plan skets die agtergrond ten opsigte van die vorige Orthotouch ooreenkoms wat aan die maatskappy voorgelê was en die agtergrond ten opsigte van die ondernemingsreddingsverrigtinge, die belê van vergaderings en die heronderhandeling van 'n nuwe Orthotouch aanbod.
5. Paragraaf 4 van die Plan verskaf agtergrond ten opsigte van wat vereis word ingevolge die Wet.
6. Paragraaf 5 van die Plan bevat 'n uiteensetting van die maatskappy se bates, die maatskappy se skuldeisers en die benaderde dividend in 'n likwidasie. Dit word opgesom op bladsy 19 en waarin daar in paragrawe 5.1.4.3.1.1 – 4 aangedui word welke likwidasie dividende verwag kan word indien die maatskappy in likwidasie geplaas sou word.
7. Die verduidelikende notas op bladsy 19 - 21 bevat die faktore waarvan beleggers kennis moet neem in die geval van 'n likwidasie wat 4 tot 5 jaar mag neem om af te handel.
8. Dit word aan beleggers uitgewys dat die benaderde likwidasie dividend bereken word op huidige markwaardes. Dit word beweer dat veilingswaardes van die eiendomme, in die **huidige mark** slegs 50% van die bestaande markwaarde mag beloop.
9. Beleggers in **HS 19 – HS 22** word daarop gewys dat hulle enigste bate op hierdie stadium bestaan uit eise teen Bosman en Visser (soos in die amptelike dokument na verwys word) en dat die enigste oplossing in 'n likwidasie vir sodanige beleggers sal wees om voort te gaan met regsaksie teen Bosman en Visser en dat beleggers sodanige regsaksie sal moet befonds wat na raming so R10 miljoen sal kos.
10. Dit mag lei tot die likwidasie van Bosman en Visser en dat Bosman en Visser se likwidateurs op hulle beurt weer regsaksie teen Zephan Properties sal moet instel.
11. Paragraaf 5.1.5 van die Plan handel met die uitgereikte aandele en 5.1.6 bevat die opsomming ten opsigte van die ondernemingsreddingspraktisyn se vergoeding.
12. Paragraaf 6 op bladsy 22 van die Plan verwys daarna dat die ondernemingsreddingsplan voorsiening maak vir 'n moratorium tot 31 Desember 2016 wanneer hierdie Plan uiteindelik ten volle geïmplementeer sal wees.
13. Bladsy 24 – paragraaf 6.5 verwys daarna dat beleggers op die 5de jaar na aanvaarding van die Plan hulle volle kapitaal sal ontvang en bevat die besonderhede van die rentes wat hangende die betaling van die finale bedrag aan beleggers op 'n maandelikse basis aan beleggers betaal sal word.
14. Paragraaf 7 van die Plan bevat aannames en voorwaardes en waarin opgemerk moet word dat die maatskappy hulle eise teen derde partye aan die aanbieder oordra ingevolge die Plan. Beleggers word in paragraaf 7.1.4 daarop gewys dat die bepalinge van klousule 8.1 van Aanhangsel A spesifiek bepaal dat hulle regte herstruktureer word en dat hulle eise teen die maatskappy vervang word met die eis om 5 jaar na aanvaarding van die Plan hulle kapitaal

vanaf Orthotouch te ontvang.

15. Paragraaf 8 van die Plan som die belangrikste kern punte van die Orthotouch aanbod op.

16. Hierdie opsomming is as volg:

- 16.1. Die aanbod deur Orthotouch is ingedien vir die koop van eiendomme en sekere regte van die maatskappye.
- 16.2. Die aanbod is gemaak op die voorwaarde dat dit een onverdeelbare transaksie is. Dit sal opgemerk word dat die ooreenkoms bepaal dat Orthotouch al die eiendomme en regte in een transaksie moet verkry om Orthotouch instaat te stel om die algehele eiendomsportofeuilje oor die volgende 5 jaar te groei ten einde al die beleggers hulle kapitaal ten volle uit te betaal.
- 16.3. Ingevolge die Orthotouch ooreenkoms word die aanbod gemaak om eiendomme as volg te koop:
 - 16.3.1. Vanaf HS15 vir 'n prys van R253 000 000,00;
 - 16.3.2. Vanaf HS16 eiendomme teen 'n koopprys van R309 000 000,00;
 - 16.3.3. Vanaf HS17 eiendomme teen 'n koopprys van R232 200 000,00;
 - 16.3.4. Vanaf HS18 eiendomme teen 'n koopprys van R341 800 000,00;
 - 16.3.5. Vanaf HS19 eiendomme teen 'n koopprys van R604 000 000,00;
 - 16.3.6. Vanaf HS20 eiendomme en tot die mate dat sodanige eiendomme nie alreeds aan HS20 oorgedra is nie, die regte in en tot die koop van die eiendomme vir 'n bedrag van R678 900 000,00;
 - 16.3.7. Vanaf HS21 eiendomme en tot die mate dat sodanige eiendomme nog nie oorgedra is nie, die regte in en tot die koop van die eiendomme tot die bedrag van R1 332 000 000,00;
 - 16.3.8. Vanaf HS22 eiendomme tot die mate dat sodanige eiendomme nog nie oorgedra is nie, die regte daarin tot 'n bedrag van R1 400 000 000,00.
 - 16.3.9. Vanaf Zephan die eiendomme tot en met 'n bedrag van R1 547 615.103,00;
- 16.4. Die eiendomme word teen huidige waarde oorgedra nieteenstaande die feit dat die bedrag wat aan beleggers betaal sal word na vyf jaar die sindikasiewaarde is.
- 16.5. Zephan het ooreenkomste met verskeie van die Georgiou Groep van maatskappye aangegaan om die eiendomme in Zephan se naam oor te dra na Orthotouch.
- 16.6. Hangende betaling van die koopprys sal Orthotouch die maatskappye die volgende netto rente betaal op die totale koopprys;
 - 16.6.1. Eerste jaar 6% per jaar;
 - 16.6.2. Tweede jaar 6.25% per jaar;
 - 16.6.3. Derde jaar 6.5% per jaar;
 - 16.6.4. Vierde jaar 6.75% per jaar;
 - 16.6.5. Vyfde jaar 7% per jaar.
- 16.7. Die oorspronklike belegging van R888 000 000,00 van beleggers in HS22 sal verhoog word tot 'n bedrag van R1 biljoen rand op die datum van aanvaarding daarvan. Die beleggers in HS22 sal die geleentheid gegee word om eerder rente te ontvang of in te stem tot die ontvang van kapitale groei.

- 16.8. As sekuriteit vir die betaling van die koopprys verpand die Orthotouch aandeelhouders die totale uitgereikte waarde aan die maatskappye pro rata soos 'n paragraaf 6.1 van die ooreenkoms, **Aanhangsel A tot die Plan**, uiteengesit word.
- 16.9. As verdere sekuriteit verbind die Nic Georgiou Trust en Zephan Properties hulself as borge en hoofskuldenaars met Orthotouch vir hulle verpligtinge ingevolge van die aanbod.
- 16.10. Die maatskappye dra al hulle eise teen derde partye oor aan Orthotouch.
- 16.11. Ingevolge klousule 8.2 van die aanbod sal die oordra van die eise teen die maatskappye wegval indien Orthotouch enige verpligtinge in terme van die ooreenkoms verbreek en dit nie binne 30 dae na kennisgewing regstel nie.
- 16.12. By aanvaarding van die aanbod onderneem Orthotouch onherroeplik om toe tesien dat die eiendomme van Zephan oorgedra word aan Orthotouch met 'n netto bate waarde van R500 000 000,00.
- 16.13. Die lening aan Zephan ten opsigte van die R500 000 000,00 word ondergeskik gestel aan alle skuldeisers en beleggers en word ook aan die beleggers as sekuriteit aangebied. Die beleggers sal geregtig wees om twee persone aan te stel op die raad van direkteure van Orthotouch.
- 16.14. Orthotouch onderneem ook om vir solank as wat enige bedrae aan die beleggers en die maatskappye verskuldig is alle fondse wat deur Orthotouch gegeneer word, of dit uit huuropbrengs of die opbrengste van die verkoop van eiendomme is of nie, aangewend sal word tot die verdere ontwikkeling van die Orthotouch eiendoms-portofeuje en daar sal onder geen omstandighede aan enige ander entiteit geleen gelde word of in sodanige entiteit belê word nie.
- 16.15. Die ooreenkoms is onderhewig daaraan dat die sekretariële en administratiewe kontrakte in stand bly.
- 16.16. Die aanbieding van Orthotouch ten opsigte van die maatskappye is onverdeelbaar en dit is 'n voorwaarde van die aanbod dat alle beleggers in al agt maatskappye die aanbod aanvaar.

Die uwe

J F KLOPPER

ONDERNEMINGSREDDINGSPRAKTISYN